

Skriflesing : Matteus 1 :18-25

Tema : Ongehuud en Immanuel ? Was Jesus 'n enkel ouer kind? Van skok tot uitkoms.

BROODJIES VIR DIE PAD

“In the mother’s smile, it dawns on him that there is a world into which he is accepted and in which he is welcome, and it is in this primordial experience that he becomes aware of himself for the first time.”

— Hans Urs von Balthasar, *Mary: The Church at the Source*

“Faith is not a question of the existence or non-existence of God. It is believing that love without reward is valuable.”

— Emmanuel Levinas

“Perhaps the most indispensable thing we can do as human beings, every day of our lives, is remind ourselves and others of our complexity, fragility, finiteness, and uniqueness.”

— Antonio R. Damasio

“Share your weaknesses. Share your hard moments. Share your real side. It'll either scare away every fake person in your life or it will inspire them to finally let go of that mirage called "perfection," which will open the doors to the most important relationships you'll ever be a part of.”

— Dan Pearce, *Single Dad Laughing*

“Willpower is just another name for the idea of choosing long-term outcomes rather than short-term ones.”

— António R. Damásio, *Descartes' Error: Emotion, Reason and the Human Brain*

“Whether we realize it or not, it is our woundedness, or how we cope with it, that dictates much of our behavior, shapes our social habits, and informs our ways of thinking about the world.”

— Gabor Maté, *The Myth of Normal: Trauma, Illness and Healing in a Toxic Culture*

DIE BOODSKAP AAN MARIA

Sy 't deur die skaduwee gegaan
in die soet lentinag,
skraal-wit en skemerig en nog sku
van naamlose verwag;
soos 'n groot nagblom oop
waaroor die motte bewend hang,
so was sy onder die sterre, in haar
onwetende verlang.
Maar toe Hy kom, het sy geweet.
Geen stem was daar,
net enkele sterre donkerder
en blydschap soos 'n tent om haar;
en alle verlanse buitekant
het trug- en tuisgekeer

tot innigheid, en rus gekry
soos waters in 'n donker meer,
en huiswaarts oor die paaie het sy
gepeins dat vreugde sê kon wees:
vervuld en woordeloos, en stil
geglimlag oor haar verre vrees.

—NP Van Wyk Louw-

“Dads. It’s time to show our sons how to properly treat a woman. It’s time to show our daughters how a girl should expect be treated. It’s time to show forgiveness and compassion. It’s time to show our children empathy. It’s time to break social norms and teach a healthier way of life! It’s time to teach good gender roles and to ditch the unnecessary ones. Does it really matter if your son likes the color pink? Is it going to hurt anybody? Do you not see the damage it inflicts to tell a boy that there is something wrong with him because he likes a certain color? Do we not see the damage we do in labeling our girls “tom boys” or our boys “feminine” just because they have their own likes and opinions on things? Things that really don’t matter?”

— Dan Pearce, *Single Dad Laughing*

“The Church was spread throughout the entire Roman Empire before a single book of the New Testament was written.”

— Fulton J. Sheen, *The World's First Love: Mary, Mother of God*

“There’s a reason for everything. Every human behaviour, every human thought, every human emotion, every human reaction - doesn’t matter what it looks like on the outside - reflects a desire to be loved or to love. And as Marshall Rosenberg who teaches Non-Violent Communication said “very often we make these communications...” he calls it a “the tragic communication of a need”. So that it doesn't matter how people behave or speak, underneath it there is a basic human need. That human need was at some point frustrated in their early development. And that person has been all their life trying to have that need met, doesn't matter how they behaved. Even if they behaved in the most aggressive and inhuman and obnoxious fashion, there's always a reason for it. So that means when somebody comes for help, then you have to see that need and that real human being underneath the words and underneath the behavior. In other words, you have to see the person more clearly than they see themselves. Not so that you can deliver your opinion to them and have them accept it, but so that you can mirror them back to their true selves.”

— Gabor Maté

WE ALMOST NEVER think of the present, and when we do, it is only to see what light it throws on our plans for the future.”

- Antonio R. Damasio

•••

Christina Landman: AFRIKAANS HET OOK 'N DOEL AS 'N GELOOFSTAAL

'n Dominee, 'n prokureur en 'n dokter gaan jag. 'n Bok spring voor hulle op en hulle skiet al drie gelyk na die dier. Nou stry hulle oor wie die bok doodgeskiet het. Die dokter sê hy sal die bok ondersoek en bevind dis die dominee se werk. Die prokureur wil weet waar is die bewyse. Die dokter sê die dominee het beslis die bok doodgeskiet, want die koeël is die een oor in en die ander oor uit!

Sulke grappies laat ons lag omdat ons weet dat kerkgangers – veral onself – nie eintlik na die dominee luister nie. Volgens navorsing hoor mense net 10% van 'n preek. Dit hang natuurlik af van die dominee se vertoning. Deesdae probeer dominees mense se aandag hou met onverwagte taal. Dominee gooi 'n bietjie Engelse slang in, en dink dis so cool dat die mense net móét luister. Of dominee sal, sonder enige aanvoeling vir die liturgie, so kômmin met die mense praat soos in 'n club. Ai, dink dominee, wie kan my weerstaan as ek so with it is?

Afrikaans in die kerk het deur drie fases gegaan. Eers was daar predikantiese Afrikaans. Die dominee skiet die bok, die gemeente, formeel dood. Toe was daar piëtistiese Afrikaans. Die dominee skiet die bok met barmhartigheid dood. En deesdae is daar hierdie kômmin Afrikaans wat die dooie bok fresh moet hou.

Ek is in 'n bruin gemeente. Daar word herhaaldelik gevra dat die diens deels in Engels moet wees. Families sit daar met doop en aanneming. Party se ore is nie meer aan Afrikaans gewoond nie. Of hul ore slaan toe as die dominee hulle 'n Afrikaanse pluk aan die neus gee.

Ai wou sy nie, het Charlize Theron my laat wonder hoe 'n mens Afrikaans as 'n geloofstaal kan bly aanbied. Want nie een van hierdie drie benaderings in Afrikaans werk meer nie. En ook nie die laertrek-Afrikaans wat net vir Afrikaners is nie. En nie vir alle Afrikaanses nie.

Interessant genoeg het bruin mense nie eintlik aan die Charlize-gesprek deelgeneem nie. Dis so gekaap deur "regte Afrikaners" dat hulle uitgesluit is. Dis juis by die Afrikaanses van alle rasse waar ons kan leer om Afrikaans die hoë profiel te gee.

Ek is in 'n bruin gemeente. Daar word herhaaldelik gevra dat die diens deels in Engels moet wees. Families sit daar met doop en aanneming. Party se ore is nie meer aan Afrikaans gewoond nie. Of hul ore slaan toe as die dominee hulle 'n Afrikaanse pluk aan die neus gee. Dan preek ek in Afrikaans en som in Engels op. Dis soms vrek moeilik, want party Afrikaanse kerkwoorde kom so uit die óu Nederlandse vroomheid van die 18de eeu dat dit moeilik in Engels vertaal. Soos "barmhartigheid" en "Liewe Jesus". 'n Derde van die katkisasante het vanjaar gevra vir Engelse handboeke en dat ek die klas tegelykertyd in Engels en Afrikaans moet gee.

Lank gelede het iemand wat ek geken het vir die stadsraad van Benoni gewerk – in daardie dae skynbaar 'n moeilike plek om te bestuur. Op 'n dag sê die man: Die duiwel wou nie vir Benoni hê nie; toe gee hy dit vir die stadsraad. Ek is seker vandag se Benoni is anders. Ek sal vir Charlize vra. Maar om daardie sêding te gebruik: Charlize wou nie Afrikaans hê nie; toe gee sy dit vir politieke Afrikaners. Sy het hulle laat saamstaan soos nooit tevore nie. En dis juis wat ons nie wil hê nie. Haal die politiek uit Afrikaans uit en gee dit vir al die Afrikaanses.

In ons gemeente hou ons tweetalige dienste sodat diegene wat nie meer Afrikaans praat nie, ook lekker in die kerk kan sit. En gewone Afrikaans weer vir hulle mooi kan word. En almal se voete soos dié van 'n ribbok kan word.

Landman is 'n professor in teologie verbonde aan Unisa.

KYK EERS IN DIE SPIEËL VOOR JY SÊ EK'S KOMMIN Dana Snyman

Dra jy wit kouse by 'n swart langbroek as jy 'n man is? Of hoëhakskoene by 'n stywe denimbroek as jy 'n vrou is? Het jy Tammy Taylor-naels? Drink jy Coke saam met jou tienjaaroud KWV? Koop jy jou meubels by Lewis Stores?

Die muurkas wat ek by Lewis Stores gekoop het, is glo kommin. Ek verstaan dit nie. Die kas het 'n drankkabinet, 'n spieël en plek vir van my mooi goetertjies: 'n skilpaddop, 'n teelepeltjie met Barberton se dorpswapen op en 'n glasbak vol skulpe.

Lip Ice is glo kommin, maar Labello is stylvol. Die Mamba-Bluetooth-luidspreker wat ek by 'n Chinese winkel gekoop het, is ook glo kommin. Net omdat die Mamba sulke rooi en blou liggies het wat vrolik flikker wanneer ek voor 'n Bok-toets na Leon- Schuster se "Hie' kommie Bokke" luister.

Maar ek het nuus vir die mense wat sê my Mamba is kommin. Iemand het dit gesteel. Iemand het my Mamba begeer. Of sê die een wat hom gesteel het gereeld vir homself, eish, ek het 'n fout gemaak, ek het 'n kommin radio gesteel, ek dink ek moet dit terugvat-?

Vir baie mense is dit kommin om sigarette te rook, maar rook jy 'n sigaar is dit 'n teken van goeie smaak en gekultiveerdheid.

Dit is opmerklik, die mense wat dikwels as kommin beskou word, is nie juis daarvoor gepla nie. Hulle gil hard: "Hugo, bel die polisie!" by die voordeur uit wanneer die bure vuishoue na mekaar mik en stap op Saterdagmiddag in Stokie-pantoffels by die OK Foods in. Hulle is maar wat hulle is.

Die mense wat met kommingeit gepla is, is dikwels die selfverklaarde stylvolles, dié wat graag klere dra met die name op van sekere Europese en Amerikaanse handelsname: Gucci, Dior-, Calvin Klein. Daardie Dior-baadjie en die bypassende ontwerpersbaardjie wat jy vir jou laat groei het, meneer. Dink jy nie dis kommin nie? En, mevrou, jou maandelikse grimeerrekening is moontlik groter as Swaziland se bruto binnelandse produk, maar dink jy nie jou hand is nogal swaar met die grimeerkwas nie?

Is 'n nagemaakte Renaissance-spuifontein in Val de Vie of Silver Lakes regtig esteties verheve bo 'n tuinkabouter? Maak dit jou minder kommin om te sê dei-kor, nie dekor nie? Of Mer-cy-dies eerder as Mer-cie-dis? En Vincent van Ghou, eerder as Vincent van Gogh? Hoekom het ons van PW Botha gepraat, nie Boats Botha nie?

Jou oom Pine wat 'n skeeps-anker klein op sy voorarm laat tatoeër het, is glo kommin. Maar jou hele arm, van die skouer- tot die pols, beskilder met Maori-motiewe, is glo 'n teken dat jy kunssinnig is – 'n ontwerpersrebel.

Is jy kommin as jy Crocs dra? Dan moet daardie vrou in die geel Crocs wat elke dag by die verkeerslig staan en bedel, kommin wees. En haar lippe kan doen met Labello. En dalk sal meer mense vir haar ietsie gee as sy Tammy Taylor-naels gehad het.

Is dit kommin om kommin met 'n k te spel?

Hoe is 'n mens as jy kommin is?

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877